# Die Byekorf



2017/05/24 Standerton Akademie

18/17


Geagte ouers

**Ouerinligtingsvergadering**

Baie dankie aan al ons ouers vir die ondersteuning tydens hierdie aand. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en insette tot opbou van ons skool.

**Streeksredenaars: Vrydag 26 Mei 2017 (sien program met tye op D6)**

Ouers, neem weereens kennis dat as gevolg van die Streeksredenaars eerskomende Vrydag daar geen skool vir die ander leerlinge sal wees nie. Standerton Akademie verwelkom nege ander skole in ons streek. Alle ouers word bedank vir hul bydrae ten opsigte van die onderskeie pligte wat uitgevoer moet word. Alle ouers is welkom om ons leerlinge te kom ondersteun vanaf 09:00 en ook sommer iets lekkers te kom geniet by die skool. (Sien aangeheg die program). Ongelukkig kan ons nie die presiese tye gee van wanneer die leerlinge praat, aangesien daar in elke fase vooraf ‘n loting gehou word.

**Hemelvaart Donderdag 25 Mei**

Geen skool vir alle leerlinge.

**Nuwe aanstelling**

Mev. Alisia Prinsloo verlaat die skool aan die einde van die maand. Ons wens haar alle sterkte en voorspoed toe met haar nuwe uitdagings wat voorlê. Baie dankie Alisia vir jou groot werk en liefde vir ons kinders oor die afgelope 5 jaar. Mag jy en Ryno genade en seën van ons Skepper ontvang. Mag julle suksesvol wees in alles wat julle aanpak. Baie geluk aan Marizelle Fritz wat deur die beheerliggaam aangestel is om by mev. Prinsloo oor te neem. Ons glo en vertrou dat Marizelle vir ons skool ‘n groot aanwins sal wees.

**SANESA - perdry**

Sterkte aan al ons leerlinge wat eerskomende naweek in Parys gaan deelneem.

**Rugby en Netbal**

Sterkte aan al ons spelers vir die naweek. (Sien aangeheg inligtingstuk oor Bokkieproewe op D6 onder Bronne).

**Administratiewe pos**

Soos u reeds weet gaan mev. Podges einde September op kraamverlof. Indien daar enige ouer is wat belangstel om aansoek te doen om in Daleen se plek af te los moet u asseblief ‘n volledige CV by meneer kom inhandig nie later as Vrydag, 2 Junie. U is welkom om die ure en vergoeding met my te kom bespreek.

**Uitnodiging: Winterspele (Sien inligtingstuk vir o.a. Gazebo besprekings)**

**Beeldende Kuns**

Baie geluk aan al die leerlinge wat ‘n persentasie van 85% en meer behaal het met die Beeldende Kuns. Al hierdie leerlinge kwalifiseer om deur te dring na die landswye kompetisie. Ouers moet self toesien dat hierdie projekte nie later as 3 Julie by BCVO se hoofkantore ingehandig word nie. (Sien naamlys op D6).

**Steelchallenge – Gongskietdag**

(Sien die advertensie en inskrywingsvorms in u kind se posbus.) Kontak asseblief Daleen by die kantoor vir enige navrae. Maak net asseblief seker dat die formaat vanjaar verander na 4 lede per span teen R350 per skut.

**Beyerskloof  Wynproe-aand 9 Junie 2017**

Kaartjies vir hierdie spogfunksie wat deur ons skool aangebied word is nou beskikbaar teen R300.00 per persoon wat ‘n ete insluit. Die funksie vind plaas by die Standerton Gholfklub om 18:00. Ouers hierdie kaartjies verkoop regtig baie goed en ons wil u aanmoedig om so gou moontlik kaartjies te koop om teleurstelling te vermy.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 24 tot 30 Mei verjaar.  Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 25 Mei : Paul-Pieter Kotze | 25 Mei : Marne Cronje |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel